

13 Januarie

**Skrifgedeelte: Psalm 89:1-18**

**Fokusgedeelte: Psalm 89:12, 13**

### **Loof en prys die Here – Hy heers oor alles!**

Ons leef nie elke dag met 'n lied in die hart en 'n lofsang op ons lippe nie. Daarvoor is daar te veel in ons daaglikse lewens wat dit kortwiek. Wie kan nou sing as elke nag onrustig is, en elke oggend 'n pynlike wakker word? Wie wil nou sing as omstandighede jou tot neerslagtigheid en swartgalligheid dwing?

Dit is in sulke dae dat Psalm 89 ons wil opbeur en ons oë van onself en ons eie wêreld wil rig op God en sý weë. Nie net een nie, maar sewe redes word genoem waarom ek mag sing:

- Sy liefde aan ons – God kon ons al lankal vanweë ons eiewilligheid voor Hom weggee het, maar nee, Hy gee ons die grootste geskenk wat 'n mens kan kry: verlossing en geloof in Jesus Christus, ons Redder.
- Sy getrouheid – God kon ons al dikwels vanweë ons ongehoorsaamheid aan ons eie lot oorgelaat het, maar nee, Hy skenk ons sy Heilige Gees om ons elke dag te herinner aan sy teenwoordigheid.
- Sy verbond – Hy het 'n ooreenkoms deur die eeue met ons om ons God te wees, en ons sy volk, en nog nooit het ons enige rede gehad om hieraan te twyfel nie.
- Sy wondermag – Daar is niemand wat met God vergelyk kan word nie. Hy heers oor alles, selfs die omstandighede van jou daaglikse lewe ken Hy en beheers Hy.
- Sy skeppingsmag – Seemonsters was in die antieke tyd 'n simbool van krag. God het selfs die seemonster Rahab (Jes. 51:9, Job 9:13) verslaan, 'n beeld van Egipte en ander vyande wat God uitgewis het. Tot vandag toe kan niemand en niks in die hele skepping ons van sy liefde in Christus skei nie.
- Sy regering deur reg en geregtigheid – Jesus kon op aarde herhaaldelik sy Vader om 12 legioene engele gebid het om alles vinnig reg te ruk, maar God werk reeds nie deur geweld nie, wel deur in liefde reg te maak wat verkeerd is.
- Sy reddingsdade – Sou ons ooit kon ophou opnoem van hoe en waar God ons orals gered het? Oor alles staan die verlossing in Jesus Christus geskrywe.

Psalm 89 gee jou sewe redes om te sing. Sing dan tot eer van sy Naam, maak Hom groot in jou lied, loof en prys die Here – in Hom sal ons lewe!

Sing: Psalm 89:1 (Totius)

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)